NAALDWERK EN KLEDING SG **NOVEMBER 2006**

ALGEMEEN:
1. Die vraestel is bevredigend tot swak beantoord.
2. Numerering vind nie volgens die vraestel plaas nie.

VRAAG 1
Hierdie vraag is oor die algemeen redelik goed tot goed beantwoord.

VRAAG 2
Die kandidate het die gedeelte oor die patroonkoevert goed beantwoord.

2.1.10(d); 2.1.11; 2.1.12; 2.1.13. Hierdie vrae is oor die algemeen swak beantwoord. In sommige gevalle weet kandidate nie hoe om hulself uit te druk nie.

VRAAG 3
Hierdie vraag is bevredigend tot goed beantwoord behalwe vir die voglende:

3.1.4 Kandidate ken nie die term “retro” nie terwyl dit orals in die media en winkels gebruik word.
3.2 Kandidate kan nog steeds nie kleurharmonieë identifiseer nie, alhoewel hierdie ‘n standaard vraag is wat elke jaar voorkom.
3.5 Sommige kandidate verduidelik die modesiklus en nie hoe die prys van die skoene deur die siklus beïnvloed is nie.

VRAAG 4
Hierdie vraag is oor die algemeen swak tot bevredigend beantwoord.
Baie van die kandidate kan steeds nie die konstruksietegnieke en dele van uitrusting identifiseer nie.
4.1.6 en 4.2.3 Hierdie vrae is uiters swak beantwoord

VRAAG 5
Hierdie vraag is bevredigend beantwoord behalwe vir die volgende:

5.3 Kandidate kan nie die stappe in die ontwerpproses uitken nie.
5.4 Hierdie vraag omtrent die ontwerpers en kleinhandelaars is uiters swak beantwoord.

VRAAG 6
Hierdie vraag is swak beantwoord

6.2 Dit is kommerwekkend dat kandidate nie inligting vanaf die illustrasies en tabel kan lees en interpreteer en weergee nie.
6.3 Kandidate ken nie die verskillende maniere waarop kleur op stowwe aangebring word nie, alhoewel hierdie vraag gereeld voorkom in die kort- of langvrae.